Western Cape Government
FOR YOU

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe doen ek aansoek om toelating tot 'n openbare skool vir my kind?

- Skole bepaal plasings deur hul eie toelatingsbeleid uit te oefen en toe te pas, wat in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, (Wet 84 van 1996) behoort te wees. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kan nie plasings by skole van ouers se voorkeur waarborg nie.
- Doen vroegtydig aansoek. Moenie tot op die laaste dag wag nie.
- Ouers/voogde/versorgers moet by ten minste drie skole aansoek doen, insluitend die skool naaste aan hul woning.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad R en graad 1?

- Verpligte skoolgaande ouderdom vir toelating tot graad 1: 'n Kind moet in die graad 1-jaar sewe jaar oud word.
- Toelatingsouderdom vir graad R: 'n Kind moet in die graad R-jaar ses jaar oud word.

3 Watter dokumente word benodig om aansoek te doen om die toelating van 'n kind by 'n openbare skool?

Gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumentasie word vereis:

Vorm van identifikasie. Enige van die volgende sal aanvaar word)

- Identiteitsdokument/geboortesertifikaat (leerder).
- Buitelandse leerders: 'n paspoort/ouers/voogde/versorgers se vlugteling- of asielsoekersvisum waarop die leerder se naam moet verskyn.
- Indien 'n leerder van buitelandse ouers/voogde/versorgers in Suid-Afrika gebore is: 'n handgeskrewe geboortesertifikaat (DHA 19-vorm).
  Indien 'n leerder nie in Suid-Afrika gebore is nie: paspoort/vlugteling- of asielsoekersvisum wat in die leerder se naam uitgereik is.

Immuniseringkaart (Road to Health Chart) van die leerder (slegs op primêre skole van toepassing).

Laaste amptelike skoolrapport/ akademiese rekord met uitslae van die leerder.

Bewys van verblyf (diensterekening/ huurooreenkoms/beëdigde verklaring wat by 'n polisiestasie afgelê word wat verblyf bevestig).

Indien stawende dokumente NIE BESKIKBAAR IS NIE/ONTBREEK: **'n beëdigde verklaring** van die Suid-Afrikaanse Polisiediens **moet by die aansoek ingesluit wees.**

4 Kan 'n kind toelating geweier word as hulle nie in 'n skool se voederarea woon nie?

Die WKOD het geen voedersones toegeken nie.

5 Kan skole "registrasiegeld" hef voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde hef voordat 'n leerder aanvaar is nie.

6 Hoe doen ouers/voogde/versorgers aansoek om toelating?

Ouers doen aanlyn aansoek via die volgende skakel: **westerncape.gov.za/education.**

Neem asseblief kennis dat ALLE navrae oor jou kind se aansoek via die WKOD se aanlyn toelatingstelsel gedoen moet word.